# HOOFSTUK II

# FUNDERING EN PERSPEKTIEF

## 1. Voorwaarde vir die voortbestaan van 'n volk in geestelike sin

Die toekoms is onlosmaaklik gebind aan, gebou op en afhanklik van die verlede. En die verlede is gelaai met gewoontes, tradisies, ideale, werksaamhede, strukture, kennis, geskiedenis en godsdiens wat elk sy verklaring in die lewensopvatting van die volk vind. Die lewensbeskouing van die volk kan gesien word as die bedding waarin die ganse identifiserende geestesbesit en die belewing daarvan vloei en waardeur dit gerig word. In die verbondenheid van mense in gemeenskap kan die begrippe "nasie" en "nasionalisme" verklaar word.[1]

Word die geestesbesit van die volk oorgedra aan die kinders, word hulle daarin en daartoe geoefen en gevorm, sodat hulle dit nie alleen hulle eie maak nie maar ook uitbou en deurdra aan die volgende geslag, dan alleen kan die kinders van vandag die volk van môre wees en is die voortbestaan van die eie identiteit verseker. Die handhawing van identiteit gaan dan in die eerste en laaste plek om behoud van die eie lewens- en wêreldbeskouing. Verlegging van die bedding van die geestelike bestaan van die volk beteken omkering van identiteit. Dít, is finalitêr die doel van die geestelike aanslag op die Afrikanerjeug in die huidige tydsgewrig.[2]

"Volk" kan aan die hand van verskeie skrywers se omskrywing van dié begrip vir die doel van hierdie studie opgevat word as daardie kultuurgemeenskap wat deur die besit van 'n eie taal, sedes en gebruike, ingebed in 'n eie lewens- en wêreldbeskouing, 'n eie kenmerkende karakter of identiteit openbaar.[3]

---

1. Vgl. Strauss, H.J. Christelik-nasionaal en C.N.O. **Handhaaf**, 6(2), Nov. 1968. pp. 13–15; 17–20.
   Weiss, P.F.D. Nasionalisme en kommunisme in Afrika. (In Nasionale Raad teen kommunisme. Oorlog om die volksiel, pp. 170–194).
2. Vgl. van Jaarsveld, F.A. Afrikaner quo vadis? pp. 15–34; 129–146.
3. Vgl. van Jaarsveld, F.A. Van Van Riebeeck tot Verwoerd, pp. 38–45.

## 2. Die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner

### 2.1 Inleiding

Die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner soos dit gegee is en hier te lande histories geword het, is Christelik-nasionaal. Dit is nie die doel om hier op te som wat soveel voortreflike denkers reeds oor Christelik-nasionaal gesê of geskryf het nie. 'n Poging sal in hierdie hoofstuk aangewend word om vanuit een bepaalde grondbeginsel van die Calvinistiese antropologie die grondtrekke van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing te oorsien en behandel en daarmee saam die belangrikste beginsels wat in hierdie ondersoek ter sprake kom, neer te lê.(4)

Hier is onmiddellik reeds sprake van 'n Christelik-nasionale en 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Die verband tussen dié twee begrippe moet kortliks aangetoon word.

### 2.2 Die begrip Christelik-nasionaal

In die twee-eenheidsbegrip "Christelik-nasionaal" is Christelik die kwalifiserende faktor. Om Christelik in beskouing, leer en lewe te wees, beteken om volgeling van Christus te wees. Christelik dui op die religieuse verankerdheid van die lewe van die volk in Christus. Daarom kan die lewe van die Christen nooit neutraal wees nie, want Christus was en is en sal nooit neutraal wees nie. Nasionaal dui op die lewensordening in die volkseie. Christelik is dan in die begrip Christelik-nasionaal die oorkoepelende kwalifikasie vir die volkseie, die ganse lewe en bestaan van die volk.(5)

Word nou in aanmerking geneem dat die lewens- en wêreldbeskouing altyd religieus bepaald is en dat die religie van die Afrikaner in wese in die Calvinistiese geloof gegrond is, dan kan en moet die begrip "Christelik" vir die Afrikaner met "Calvinisties" vervang word. Die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner is in sy wortel Calvinisties-nasionaal, Calvinisties-Afrikaans, Calvinisties-volks. Daaruit het en is sy Calvinistiese lewenstyl en

---

4. Vgl. Stoker, H.G. Oorsprong en rigting, band 1, pp. 44–65.
5. Visser, J. Ons Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing. **Handhaaf**, 7(3), Des. 1969, pp. 12–14, 19.

lewenshouding "gegroei" en gebou. Die begrip "Calvinisties" word nie bo die begrip "Christelik" gestel nie, maar dui op die besondere vorm wat die Christelike religie in Suid-Afrika gaan aanneem het. Dit stel ook nie Calvyn bo Christus nie. Die Calvinisme is juis die leer van onvoorwaardelike, algehele onderwerping van die ganse skepping en lewe aan die gesag van 'n enige, ware God.[6]

2.3 Uitgangspunt

Die Heilige Skrif as Woord wat deur God self geïnspireer is (vgl. 2 Tim. 3:16), is vir die Calvinis die uitgangspunt, die grondslag, die norm van die mens se fundamentele oortuigings aangaande God, mens en wêreld.

Een van die grondbeginsels van die wese van die mens wat ons uit die Skrif leer, is die roepingsbeginsel. Vanuit hierdie beginsel sal nou getrag word om perspektief op die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner en op die taak en opleiding van die hoof van die Christelik-Afrikaanse skool te kry.[7]

**3. Die roeping van die mens**

3.1 God se roep teenoor die mens se roep

God se roep tot die mens is altyd 'n roep vertikaal van bo na onder. God se roep is universeel, finaal, volmaak en dwingend: dis die roep van die Koning wat regeer, die Regter wat oordeel, die Vader in sy oneindige genade. Die mens se roep tot God is altyd 'n roep vertikaal van onder na bo. Die mens se roep is onvolmaak, deur sonde verduister, veranderlik, beperk.

Uit die Skrif is dit af te lei dat die mens ook tot sy medemens roep. Onder bepaalde omstandighede vereis God van die mens om tot sy medemens te roep. Al sou dit ook 'n roep van menslike heerser tot onder-

---

6. de Klerk, W.J. e.a. Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Diktaat, kursus II, p. 6.
   Duvenage, S.C.W. Christelike lewenstyl in ons kulturele lewe .... **Handhaaf**, 8(5), Jan. 1971, pp. 12–13; 15–17.
7. de Klerk, W.J. e.a. op. cit. pp. 41–50.

daan of omgekeerd wees, bly hierdie roep op menslike, diesseitige vlak lê: dit is altyd 'n horisontale roep. Die begrippe "vertikaal" en "horisontaal" is grondbegrippe in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing wat ook besondere betekenis vir die skoolhoof, sy taak en sy opleiding het.[(8)]

3.2 Roeping

God se roep tot die mens lê altyd 'n opdrag op die mens. Die mens word geroep tot die diens van God. Die universele roep van God bring die ganse lewe van die mens onder die beslag van die eis van God. Roeping is diens aan God in al die lewensverbande van die mens.

Dit is van besondere betekenis vir die indiwidu, die gemeenskap en die volk dat roeping slegs in hierdie omvattende verband begryp en verklaar kan word. Dit is finalitêr net die roep van God wat 'n roeping oplê. Een mens kan ook nie 'n ander mens 'n roeping oplê nie. Een mens kan hoogstens 'n ander oproep tot vervulling van sy roeping. Tewens, as sy broer se hoeder, as medewerker van God is dit deel van sy roeping. Die Satan kan ook geen roeping oplê nie: hy verlei die mens met sy lokstem tot roepingsversaking.[(9)]

3.3 Roepingsbesef.

Roepingsbesef veronderstel dan om voortdurend bewus te wees van die roepe van God tot die mens. Roepingsbesef en roepingsbewustheid is sinonieme, maar beteken nog nie roepingsvervulling nie.[(10)]

3.4 Hoedanig roep God?

Grosheide en van Itterzon gee 'n pragtige uiteensetting van die drieledige wyse waarop God tot die mens roep:

---

8. vgl. Stoker, H.G. op cit. pp. 52, 54, 66–67, 86.
9. Coetzee, J.H. Politiek en beroepslewe in die koninkryk van God. (In du Toit, S. (red.) Die koninkryk van God; pp. 346–370).
   du Toit, S. Die koninkryk van God in die Ou Testament. (In du Toit, S. (red.) a.w. pp. 11–33).
10. Stoker, H.G. op cit. pp. 55–56.

*Die saaklike of uitwendige roeping. Dit is die roeping deur die algemene openbaring van God : Hy roep deur die natuur, deur die geskiedenis van die menslike geslag en deur en in die redelik-sedelike lewe van die mens. Dit onderhou vir die mens sy bewussyn van afhanklikheid en verantwoordelikheid.

*Die woordelike roeping. Ná die sondeval het God herskeppend tot die verlossing van die mens ingegryp. Daarom het die roeping deur sy Woord nodig geword en daarom het Jesus Christus na die aarde gekom. Die inhoud van hierdie roeping omvat die Wet en die Evangelie.

*Die inwendige roeping. Dit is die besondere roeping tot saligheid deur die uitverkiesende genade van God. Dit word gevolg deur die wedergeboorte, waarvan die vrugte is: die geloof en bekering.(11)

Wat vir elke mens van die allergrootste betekenis is, is dat die saaklike en woordelike roeping totalitêr is; dit sluit elke mens in.

3.5 Roeping en antwoord

Op die dwingende roepstem in Gods Woord en in die natuur is die mens verplig om te antwoord. Die diens wat die mens aan God verskuldig is, kan in twee hoofdele onderskei word:

godsdiens deur onderhouding van die erediens, die sakramente en die gebed;

kultuurvorming, wat alles waarop die mens sy hand, hart en verstand lê, insluit.

In die eerste rig die mens hom persoonlik, ook in die gemeenskap van die heiliges, tot die almagtige God om Hom te eer, te loof, te dank en Hom om genade, bystand en verlossing te smeek. In die tweede beweeg

---

11. Grosheide, F.W. en van Itterzon, G.P. Christelÿke ensiklopedie, pp. 700–702.

die mens uit na die wêreld om daar in al sy verbande Godwelbehaaglike diens aan sy medemens en die wêreld te lewer.[12]

Uit hoofde van die feit dat die mens 'n eenheidswese is wat uit die eenheidsgrond van sy religieuse oorsprong leef, staan dié twee dele van sy diens aan God nie los van mekaar nie. Volkome harmonie bestaan eers dan in die mens se lewe as leer en lewe, geloof en daad 'n eenheidsbodem vir die weerklank van Gods roepstem vorm. Dan eers is die mens werkende, Goddienende skepsel in hierdie wêreld, maar nie aan die wêreld gelykvormig nie (Rom. 12:1).[13]

Die Calvinis glo dat God sy antwoord beskik het. Die mens kies, omdat God klaar vir hom gekies het (vgl. Spreuke 20:12, 24).[14]

Die roeping tot eenheidsdiens is deur Christus omvattend saamgevat in sy uitlegging van die eis van Gods Wet (Matth. 22:37). Hierin lê vir die Calvinis die grond van die begrippe "vertikaal" en "horisontaal" in sy lewens- en wêreldbeskouing. Die mens vind ware lewensperspektief in hierdie vertikale en horisontale visie : deur die liefde verankerd na bo en deur liefde uitbewegend na buite tot die medemens en wêreld. Hierin wortel die driedimensionele perspektief op die taak en opleiding van die hoof waarna op verskeie plekke in hierdie ondersoek verwys word. Die knooppunt van die visie lê in die hart van die mens wat die uitgange van die lewe is.[15]

Sonder die vertikale visie kan geen Christelike perspektief op mens en wêreld en hulle onderlinge verhoudinge gekry word nie en kan God in hierdie wêreld ook nie na die eis van sy Wet gedien word nie. Dit is die roeping van elke mens om so 'n eenheidsvisie te verkry en dit daadkragtig uit te lewe.

---

12. Stoker, H.G. op. cit. pp. 44, 65.
13. Vgl. Bingle, H.J.J. Onderwys en opvoeding in die koninkryk van God. (In du Toit, S. (red.) a.w. pp. 315–327).
14. Duvenage, A. Die institusie van Johannes Calvyn. Opnuut in Afrikaans vertaal en verkort. pp. 40, 92.
15. Vgl. Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys. pp. 20–21.

Dit alles kan die mens nie uit eie krag en insig verkry en doen nie. Die ware perspektief op die lewe word daagliks vir die mens deur die sonde verduister. Dit onthef hom egter nooit van sy roeping nie. Die antwoord op die eenheidsroeping moet 'n eenheidsantwoord wees. Die mens moet met voortdurende reformasie in al sy lewensverbande antwoord.

Die roepingsbewuste mens is die mens wat in 'n gevoel van diepe onmag en afhanlikheid, maar met geloof, hoop en liefde in die hart en in biddende opsien homself neerwerp voor sy God. Roeping verbrysel grootheidswaan, eiewilligheid, werkgeregtigheid en geloof in selfverlossing. Roeping gee vertroue in 'n vaste Norm buite die mens se eie, tydelike, wisselvallige, diesseitige bestaan.(16)

Met die bg. uiteensetting van die roepingsbeginsel word hier volstaan. Vir duidelike perspektief op die taak en opleiding van die hoof, is dit noodsaaklik om aan te toon hoedat verskeie fasette van die menslike lewe onder beslag van die roepingsbeginsel staan. Veral daardie fasette wat vir hierdie ondersoek relevant is, moet in fokus met die roepingsgedagte gebring word.

## 4. Roeping, kultuur en kultuurvorming

Kultuur is 'n omvattende en komplekse begrip wat alles insluit wat 'n volk op geestelike en stoflike gebied verwerf het. Prof. J. Pieterse poneer tereg :

> "..... As sodanig is kultuur die gemeenskaplike besit van 'n volk en die uitinge van 'n besondere nasieskap soos dit die menslike bestaan belewe en verwerk ooreenkomstig bepaalde lewenswaardes; en sodoende vorm kultuur die innerlike en uiterlike lewensgestalte van 'n volk."(17)

Die godsdiens en kultuur van 'n volk, ingebed in die eie lewens- en wêreldbeskouing, verteenwoordig dus in omvattende sin die identiteit van die

16. Vgl. Stoker, H.G. op. cit. pp. 66–67.
17. Pieterse, J. (hoofred.). Jeug en kultuur. p.13.

volk. Die opvoeding en onderwys van 'n volk is daarom net so wesenlik deel van sy kultuur as sy taal, sy geskiedenis en sy tegnologie.[18]

Die mens ontvang sy kultuuropdrag (roeping) in Genesis 1 vers 28 (vgl. ook Gen. 2:15). As koningskind word die mens op aarde gestel om te heers. Die werklikheid (kosmos) is die arbeidsveld van die mens. Kosmos beteken in omvattende sin alles wat geskape is: hemel en aarde (vgl. Joh. 1:10). Kosmologie is die leer van die werklikheid wat soek na waarheid in die struktuur van die kosmos. Vir die Calvinis is die werklikheid die uitwendige openbaring van Gods koningskap, soewereiniteit en beskikking oor alles wat bestaan en wat nie na sy ware sin ooit begryp kan word sonder die openbaring van God in sy Woord nie.[19]

Venter onderskei in die werklikheid twee groot ryke : die natuurryk en die kultuurryk as gebied van die mens en sy werke. Hy stel dit tereg dat stof, plant en dier geen kultuur kan skep nie, terwyl die mens juis uit die natuur kultuur skep. Die mens is geroepe tot Goddienende heerser oor beide ryke. Salomo gee in Spreuke 16 vers 9 te kenne dat ons deur die ewige besluite van God nie in die minste verhinder word om onder Sy Wil vir onsself te sorg en al ons sake te reël nie. God vra net dit van die mens wat Hy aan hom leer.[20]

Dit is vir elke Christen-gelowige van belang om in gedagte te hou dat in die geskiedenis van die mensheid twee krisisse duidelik uitstaan:

die sondeval van die eerste Adam, waardeur die ganse mensegeslag bedorwe is en

die koms van Jesus Christus na die aarde om die afgevalle wêreld tot koninkryk van God te maak.[21]

---

18. Ibid. p. 11.
19. Vgl. Venter, E.A. Wysgerige temas. p. 11.
    v.d. Walt, S.J. e.a. Geloofsleer en sedeleer vir st.10. p.19 en verder.
20. Duvenage, A. op. cit. pp. 99–100.
21. Vgl. Kempff, D. Inleiding oor koninkryk en wêreld in die algemeen. (In du Toit, S. (red.) a.w. pp. 305–314).

Vanaf die sondeval staan die koninkryk van God in antitese tot die ryk van die duisternis. Deur Christus is die harmonie tussen die roeping en kultuurarbeid van die mens herstel. Die mens is verhef tot medearbeider in die koninkryk van God. Deur Hom kry die mens se werk verhewe betekenis : sy kultuurarbeid is eskatologies bepaald.[22]

## 5. Roeping en wetenskapsbeoefening

In die skool het die hoof wesenlik te doen met kultuurvorming, ook deur die toepassing van die feite van die verskillende vakwetenskappe.[23]

God het in die werklikheid 'n verskeidenheid natuurwette ingeskape. Deur die wonderlike gawes wat hy van God ontvang het, kan die mens die werklikheid deurvors, die ingelegde wette in die struktuur daarvan blootlê en formuleer, sodat hy deur en in hierdie kennis kultuur en wetenskap kan vorm, beoefen en ontwikkel. In fundamentele sin kan die werklikheid nooit uit sigself verklaar en begryp word nie : dit verklaar nie sy eie oorsprong, die mag van eie en onderlinge wetmatighede nie en ook nie die hoogste doel waarvoor dit alles bestaan nie. Insig in die kosmos hang steeds daarvan af of die mens van die Verlosser van die wêreld weet. Elke wetenskap moet daarom noodwendig kennis neem van die wette wat die mens in Gods Woord opgelê word. Anders as die natuurwette is hierdie wette normatief van aard. Die ganse lewe van die mens is steeds 'n lewe uit beginsels.[24]

Geen wetenskapsbeoefening is daarom vir die mens moontlik sonder vooraf aanvaarde fundamentele oortuigings, apriorieë of beginsels nie. Geen stewige huis is sonder fondament en geen boom sonder wortel

---

22. Vgl. Venter, C.N. Volkslewe en kultuur. (In du Toit, S. (red). a.w. pp. 328–345).
23. Heiberg, P.J. Christelike reformasie of skolastiese sintese in ons onderwys en onderwysersopleiding. C.O.V.S.A. Studiestuk nr. 6, p. 18.
24. Kempff, D. op cit. pp. 307–308.

nie. Die behorenseise van Gods Woord geld ook vir die wetenskap. Die mens is in sy wetenskapsbeoefening ook toerekenbaar.[25]

Daarom verwerp die Calvinis die beskouing van die beoefenaars van 'n sogenaamde neutrale wetenskap wat op grond van die deïstiese Godsbegrip van die gedagte uitgaan dat alle wetenskap met neutrale natuurwette te doen het en in hulle beoefening van die wetenskap skeiding maak tussen geloof en rede, al sou dit dan voorlopig wees.[26]

Roeping lê beslag op die hart en die verstand. Hy wat homself 'n Christen noem, maar terselfdertyd met sogenaamde neutrale denke wil openeer, die sogenaamde neutrale feit ter wille van die feit self sonder die diepste grond daarvan wil blootlê, skeiding maak tussen geloof en rede, is nie alleen besig met vernaturalisering en humanisering van die mens se arbeid nie, maar ontken die koningskap van Christus oor die volle lewe van die mens. Diegene wat die neutrale wetenskapsbeoefening voorstaan, wil burgers in Gods koninkryk wees op al die terreine van die lewe, behalwe die wetenskap. Hulle is waarlik besig met die waandenke dat die mens ontologies kan skei wat God in eenheidsamehang geskape het.[27]

Die geïsoleerde blootlegging van fisiese psigiese of biotiese wetmatighede bloot t.w.v. die algemeen geldigheid van die feite daarin, is nie net halwe wetenskapsbeoefening nie, maar dit skep die indruk dat 'n soort "algemeenheid" of "holisme in die wetenskap" bo die diens aan God gestel word. Die Calvinis aanvaar en weet dat God ook die algemeen geldige waarhede in die werklikheid ingeskape het, maar ken en erken ook die algemeen geldigheid van die waarhede wat God die mens in sy Woord gegee het en beveel het om te onderhou. Die Calvinis wil dié waarhede in

---

25. Schutte, B.C. Die roepingsgedagte in die opvoedkunde. C.O.V.S.A. Studiestuk nr. 5, pp. 2–3.
26. Vgl. Venter, C.N. op. cit. p.339.
27. Vgl. van Wyk, J.H. Fenomenologiese pedagogiek. I.B.C. P.U. vir C.H.O. Studiestuk nr. 40, pp.15.
    Vgl. ook Malan, J.H. Wat is wetenskap? Riglyne, 2(2), Sept. 1971, p. 35.

sy wetenskapsbeoefening ter sprake bring om so volledig en goed moontlik te ken en te dien.[28]

## 6. Roeping, gesag en vryheid

As koningskind (vise-koning, noem prof. J.H. Coetzee die mens)[29] is die mens tot heerser oor Gods eiendom op aarde geroep. Heerskappy veronderstel soewereiniteit, gesag, vryheid. Die heerskappy van die koningskind is egter nie dieselfde as die van die Koning nie. Die mens is slegs volwaardig mens in sy betrokkenheid op God. Sy soewereiniteit, gesag en vryheid bly tot die ondermaanse beperk en is verleende gesag. Die mens se vryheid en gesag is en word 'n toom aangelê deur sy roeping tot gehoorsaamheid aan die Wet van God.[30]

Vryheid is dan nie die reg van die mens om te kies of hy God wil dien of nie. Die roeping tot diens aan God, eis van die mens om die weg van Gods koninkryk op te gaan. Roepingsbewuste gesags- en vryheidsbeoefening is ware diens aan God.

Die roeping tot Goddienende gesags- en vryheidsbeoefening is universeel en sluit daarom die gesagsopvatting, -uitoefening en die vryheidsideaal en strewe van die volk en die landsregering in. Die gesag en vryheid van die volk moet ook afgestem wees op die Wet van God. Die demokrasie, in sy volle verskyning en werksaamheid, staan dan onder die binding van wetsvervulling.[31]

## 7. Roeping, beroep en taak

### 7.1 Beroep en taak

Beroep kan omskryf word as 'n bepaalde georganiseerde werk, vak of betrekking wat 'n persoon volgens bepaalde ooreenkomste verrig.

---

28. Vgl. du Toit, J.D. Enkele grondbeginsels van die Calvinisme. (In F.C.S.V. in S.A. Koers in die krisis, dl. I. pp. 36–47).
29. Coetzee, J.H. op. cit. p. 346.
30. Stoker, H.G. op. cit. pp.160–164.
31. Ibid. pp.137,153,164. Vgl. ook Venter, C.N. op.cit. p.333 en Weber, C.A. and–Mary E. Fundamentals of educational leadership,p.3.

waarvoor hy opgelei is en waardeur hy 'n lewensbestaan verdien. Taak kan in tweërly sin opgevat word : deur sy beroep kan die mens 'n bepaalde taak in omvattende sin verrig, terwyl binne die beroep verskillende onderliggende take onderskei kan word.

Met die ontstaan van allerlei ingewikkelde arbeidstrukture, veral vanaf na die koms van die Industriële Rewolusie in die 18de eeu, het dit nie alleen nodig geword dat elke regering en ook elke beroepsgroep verskillende arbeidwette, regulasies en reëls met betrekking tot werkgewers, werknemers en hulle verhoudinge neerlê nie, maar het die vraag na doeltreffende opleiding vir bepaalde arbeid al dringender geword. Daarbenewens was die georganiseerde arbeid van die mens dikwels die bron van ontevredenheid, onrus, wrywing en wanverhoudinge. Só waardevol het Marx die arbeid en die arbeider gaan beskou, dat hy dit tot universele mag in die lewe van die mens en die staat verhef het. Hy het daarin die bolwerk teen kapitalistiese oorheersing gesien. Uit die Marxistiese ideologie is sosiale en arbeidsisteme ontwerp.

Deur die ooraksentuering van die arbeid om die arbeid, die verheerliking van die arbeider en die voordele wat hy uit sy arbeid kan put, is die arbeid van die mens veelal vermaterialiseer en verwêreldlik. Hoe meer geld die mens verdien, hoe hoër status beklee hy in die sosiale lewe.[(32)]

7.2 Beroepe en professies

Stinnett stel dit dat seker min woorde in ons tyd so los gebruik word as juis die woord professie.[(33)] Carr-Saunders definieer professie soos volg:

> ".... a profession emerges when a number of persons are found to be practicing a definite technique founded upon a specialized

---

32. Vgl. Kotze, C.R. Die Kommunisme. (In F.C.S.V. in S.A. Koers in die krisis, dl. II. pp. 202–211).
33. Vgl. Massey, H.W. and Vineyard, E.E. The profession of teaching p. 2 (aangehaal).

training. A profession may perhaps be defined as an occupation based upon specialized intellectual study and training, the purpose of which is to supply skilled service or advice to others for a definite fee or salary."[34]

In die lig van dié definisie is die onderwysberoep ook 'n professie. Die meeste navorsers op dié gebied het egter afgesien van 'n definisie en eerder die kriteria vir 'n professie probeer bepaal en beskryf. Myron Lieberman gee 'n mooi beskrywing van die agt belangrikste kriteria in dié verband.[35] Gemeet aan dié kriteria is die onderwysberoep klaarblyklik nie 'n volwaardige professie nie. Tog word die onderwysberoep deur owerhede, opvoedkundiges en onderwysmanne as 'n professie geklassifiseer.[36] Die vraag dring na vore of 'n beroep juis aan die agt kriteria wat Lieberman neerlê, moet voldoen om 'n professie te wees. Dié agt kriteria dra 'n sterk humanistiese en materiële karakter.

Dit is sekerlik nodig dat die lede van 'n beroep of professie in 'n organisasie saamgebind word. God is 'n God van orde.[37] Die onderwyserskorps is reeds in 'n Federale Raad van Onderwysersverenigings saamgetrek. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid bepaal dat aan die wenke en aanbevelings van onderwysersverenigings by die onderwysbeplanning oorweging geskenk moet word. Die Federale Raad van Onderwysersverenigings word deur twee lede in die Nasionale Onderwysraad verteenwoordig,[38] terwyl tans (1972) op hoë vlak besin word oor die daarstelling van 'n Onderwysersraad, wat in hoofsaak op dieselfde vlak as die rade van erkende outonome professies gestel sal word. Die Afrikaanse onderwysersverenigings het ook vir hulle lede etiese kodes opgestel.[39] Die diens-

---

34. Loc cit.(aangehaal).
35. Lieberman, Myron. Education as a profession. pp.2–6.
36. Vgl. Potgieter, G.J. Die onderwysberoep 'n professie? Onderwysblad; LXXV (825), Okt. 1968. pp. 279–285.
37. Vgl. Venter, E.A. op. cit. p. 15 en verder.
38. R.S.A. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, nr. 39 van 1967, soos gewysig, art 2(1)i en 4(1)f.
39. Vgl. Transvaalse Onderwysersvereniging. Professionele erereëls vir die T.O. Onderwysblad, LXXV(825), Okt. 1968, pp.229–300.

voorwaardes vir onderwysers is in wese ook etiese kodes wat vir al die onderwysers in diens van staatskole geld. Dit wil dus voorkom of pogings aangewend word om die onderwysberoep so na moontlik aan die eise van 'n volwaardige, outonome professie te laat voldoen. Is dit wel nodig?

Wat die onderwysberoep hier te lande nie het nie, is die aflegging en ondertekening van 'n bondig geformuleerde eed deur elke beginner-onderwyser.

Daar kan nie in hierdie ondersoek afdoende op die vraagstuk geantwoord word nie. Dit is egter nodig om hier op een belangrike verskil tussen die onderwysprofessie en die ander professies te wys. Die onderwysprofessie dra dié besondere kwalifikasie dat dit die enigste professie is wat op so 'n omvattende wyse met die ontwikkelende gees van skoolpligtige kinders werk en trag om dit vir onmiddellike en hoë ideale te vorm. Geen ander professie kan die beskouing en houding van 'n volk so wesenlik bepaal soos die lede van die onderwysprofessie nie.[40] Sterker klem val in die onderwysprofessie op idealisme as in enige ander professie.

Die belangrikste eis wat vir enige professie geld, is die eis van die roeping van die mens as arbeider. Dit word nêrens in die kriteria vir professies bewustelik genoem en omskryf nie. Die implikasies daarvan sal deur die bouers aan die onderwys as volwaardige professie in gedagte gehou moet word. Die perspektief wat hulle èn die hoof van die Afrikaanse skool daarop behoort na te hou, word in die volgende paragraaf beskryf.

### 7.3 Roepingsvervulling en beroepsbeoefening

Die mens word nie tot 'n bepaalde beroep geroep nie. Roepingsbewustheid omvat veel meer as beroepsarbeid. Roeping veronderstel die verantwoordelike taak, plig en vryheid wat op die mens gelê is om al sy arbeid as mede-werker in Gods koninkryk tot verheerliking van sy Skepper te verrig. Habermehl het dit soos volg mooi gestel:

---

40. Vgl. Potgieter, G.J. op. cit.

> "God roept niet iemand tot papiermaker, maar Hy roept een papiermaker tot Zÿn dienst, tot het nieuwe leven."(41)

Die verklaring wat in die Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal van die woord roeping gegee word, is eensydig en onvoldoende.(42) Om slegs te verklaar dat roeping 'n bedryf, beroep, amp of werk is waarvoor iemand 'n innerlike neiging of spesiale aanleg besit, is 'n verplatting en verskraling van 'n begrip met religieuse betekenis.

Die onderwys is dus nie die hoof se roeping nie. Sy roeping is om deur sy besondere gesagsposisie in die onderwys, deur die taak wat hy daarin moet volbring Godwelbehaaglike diens te lewer. Dieselfde geld vir al sy buiteberoepsarbeid en handelinge. Dié roeping geld vir alle arbeiders, alle mense. Daar is maar een roeping, maar 'n verskeidenheid beroepe waardeur die bouwerk in Gods koninkryk verrig kan word.

In religieuse sin het die mens dan in sy beroep geen hoër status as die slaaf nie. Deur Christus is die harmonie tussen beroep en roeping weer herstel. Roeping keer die marxistiese orde van arbeidsverheerliking om. Prof. J.H. Coetzee skryf:

> "Bid en werk kom in die regte verhouding te staan. God roep nie net tot die werk nie maar gee ook genade daartoe. Beroepsarbeid word arbeid uit dankbaarheid."(43)

Beroepsarbeid word dan 'n harmoniese deel van die mens se roepingsvervulling hier op aarde.

Roeping vereis dat die arbeider ywerig sal werk, hoë kwaliteit werk sal lewer, sal volhard, goeie verhoudinge sal handhaaf en onderdanig sal wees. Roeping vereis ook optimum bekwaamheid vir elke taak.

---

41. Coetzee, J.H. op. cit. p. 367 (aangehaal).
42. Schoonees, P.C. (red). Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p.703.
43. Coetzee, J.H. op. cit. p. 367.

Die Calvinis ken dan geen hoër status nie as dat die arbeider sy taak roepingsbewus sal vervul. Roepingsvervulling in beroepsarbeid is nie alleen opdrag aan die mens nie, maar daarin vind hy ook sy grootste beroepsekuriteit.

Die gesagsliggaam of -persoon wat 'n besondere beroep beheer en organiseer, staan onder dieselfde behorenseise as alle mense. Roepingsvervulling deur die bestuur, sal ook die werknemers in staat stel om hulle roeping in hulle beroep te vervul.(44)

## 8. Roeping en leierskap

### 8.1 Wat is leierskap?

#### 8.1.1 Inleiding

"Wat maak van 'n leier 'n leier?" en "Waarom volg mense bepaalde leiers?" is sosiologies-sielkundige vrae wat verskeie denkers, navorsers en veral leiers self sedert eeue intens interesseer en besighou. Aristoles en Machiavellé het reeds uitsprake daaroor gewaag.(45) Die redes vir die belangstelling in leierskap moet gesoek word in die feit dat dit reeds sedert die begin van menswording so 'n belangrike rol in die saam lewe van mense gespeel het. Saam lewe veronderstel juis sekere bindingsfaktore, waaronder veral fisiese en geestelike verwantskap en die nastrewe van bepaalde onmiddellike en verwyderde gemeenskaplike ideale.

Die mens is 'n groepwese.(46) In geestelike sin is 'n groep mense altyd in beweging na sekere oogmerke. Dit is juis in hierdie beweging van die groep dat 'n leier uit die groep prominent na vore tree en op komprehensiewe wyse vergestalting aan die beweging van die groep gee. Daardie persoon wat op die beste wyse vergestalting aan die meerderheidsge-

---

44. Kyk pp. 38–39; 267–268.
45. Schoeman, H. Leierskap, sleutel tot sukses, p. 19.
46. Stoker, H.G. op. cit. p. 167.

voel in die groepsbeweging gee, tree as leier na vore. Hy word deur die groep self in die posisie geplaas, aanvaar en gevolg. Hy is die natuurlike leier.[47]

8.1.2 Benaderingswyses in die wetenskaplike bestudering van leierskap

Dit is maar die afgelope 30 tot 40 jaar dat verskeie pogings tot die wetenskaplike bestudering van leierskap as menslike verskynsel aangewend word. In hulle pogings om 'n omvattende definisie van leierskap te vind, het navorsers die probleem op verskillende wyses benader. Een groep het die klem op die belangrikheid van die persoonlikheidseienskappe van die leier laat val. 'n Ander groep beklemtoon die aard van gedrag van die leier in die eksploitering van sy gawes. 'n Derde groep beklemtoon die eise wat die besondere situasie waarin die leier optree aan sy persoonlikheidskenmerke stel. 'n Vierde groep neem die soort leiding as uitgangspunt en onderskei dan tussen outokratiese, demokratiese en laissez-faire-leierskap. Die volledigste studie in dié verband word egter gevind by die groep navorsers wat al die vorige benaderingswyses in die sogenaamde funksionele benadering van leiers saamvat.[48]

Volgens die laasgenoemde metode word die leier as vervuller van 'n bepaalde funksie in 'n bepaalde groepsituasie gesien en bestudeer. Die leier is die persoon wat die beste in die behoeftes van die groep voorsien. Leiding moet groepgesentreerd wees en die leier moet uit die groep na vore tree.

Volgens hierdie benadering kan leierskap omskryf word as die geïntegreerde en dinamiese aanwending van die leier se vermoëns, op so 'n gesagvolle wyse dat dit die volgelinge sal oortuig, besiel, saamsnoer en rig tot verwesenliking van gemeenskaplike ideale.[49]

---

47. Vgl. Rautenbach, A. Aspekte oor personeelbestuur. (In T.O.D. Kursus in organisasie, bestuur en leierskap vir hoofde van laerskole, 1969. Stukke van die komitee vir die reëling van kursusse vir hoofde van skole. pp.10.2–10.70).
48. Joubert, D.D. en Steyn, A.F. Groepsdinamika. pp.237–238.
49. Vgl. Weber, C.A. and – Mary E. op.cit. p. 81.
Bassett, G.W. a.o. Headmasters for better schools. pp.14–18.

Ten grondslag van dié beskouing lê ook die opvatting dat sekere ingebore eienskappe noodsaaklik is, maar dat die doeltreffendheid van leierskap verhoog kan word deur die aanleer of verbetering van bepaalde metodes en tegnieke om mense in bepaalde groepsverband te hanteer en te rig.[50]

8.1.3 Calvinistiese leierskap

Dit is duidelik dat elkeen van die bogenoemde benaderingswyses van die leier as fenomeen uitgaan en van die fenomenologiese metode van wetenskaplike bestudering van die problematiek van leierskap gebruik maak. Dit is halwe wetenskapsbeoefening en vir die Calvinis onhoudbaar. Belangrike feite oor leiding en die verbetering daarvan word wel blootgelê. Die pogings van fenomenoloë om leierskap te omskryf, mis egter die fundamentele beskouinge oor die mens as geroepe skepsel van God. Teenoor die bogenoemde benaderingswyses moet die Skriftuurlike of teosentriese benaderingswyse as vollediger waarheid oor die leier gestel word.

God lei die mens nie alleen tot 'n bepaalde beroep nie, maar ook tot besondere posisies in daardie beroep. Hy roep elke leier, van watter formaat ookal, om as burger in Gods koninkryk mee te werk tot die voleinding daarvan. Hy beskik die persoonlikheidshoedanighede van die leier, die mense wat gelei moet word en die besondere situasie waarin die leiding moet plaasvind. God beskik op so 'n wonderbaarlike wyse dat die funksies wat die leier in die groepverband vervul volmaak inpas in Gods plan met die leier, met die groep en met die ganse mensheid. Leierskap is eskatologies bepaald.[51]

Roeping gee aan die leier en volgeling perspektief op die wese van leierskap. Roeping veronderstel gebondenheid en plaas leierskap onder die behorenseise van Gods wet. Menslike leiding is beperk en deur die sonde verduister. Daarom is die gesag, vryheid, leiding en straf wat die leier uit-

---

50. Rupert, A. Leiers oor leierskap. p.29.
51. Vgl. de Klerk, W.J. Die leierskapsbeeld van die Calvinis. pp.1–2.

oefen beperk en onvolkome. Roepingsbewuste leiding gee, beteken verantwoordelike leiding, d.i. roepingsvervulling in leierskap.

Dié benaderingswyse, waarin die openbaring van God in die sentrum staan, laat ons leierskap vanuit sy oorsprong sien en verklaar. Die roepingsbeginsel plaas leierskap onder beslag van die drie-dimensionele perspektief wat hierbo beskryf is.[52] Roepingsbewuste leiding is die enigste werklike konstruktiewe leiding.

In die lig van die voorgaande uiteensetting kan die volgende nou in teenstelling met 'n fenomenologies-georïenteerde benaderingswyse geponeer word:

*Konstruktiewe leierskap vereis wel die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid goedgeïntegreerde persoonlikheidshoedanighede in die leier, maar God is die Gewer en Beskikker van die hoedanighede en hulle funksies. Hy bepaal dus die verhouding waarin die hoedanighede in die persoonlikheid van die leier tot eenheid saamgeweef is en Hy beskik oor die funksies en resultate van die hoedanighede-in-verhouding.

*Die leier kan slegs leier in 'n gemeenskap van mense wees, maar die leier en die volgelinge is kinders van God wat sy Gebod behoort te gehoorsaam.

*God beskik in sy alwyse raad ook alle omstandighede, met al die bewegende en stuwende magte daarin, vir bepaalde konstruktiewe leiding.

*God eis in sy Woord van alle mense "gesonde" mensebetrekkinge. Hy gee dit aan die leier as noodsaaklike bindingsmiddel om mense in 'n bepaalde rigting te laat saamwerk en beweeg.

*Roeping is die eenheidsgrond en rigtingpeiler vir Calvinistiese leier- en volgelingskap. Die leier en sy groep moet waarlik één

---

52. Kyk pp. 18, 42.

in lewens- en wêreldbeskouing en die uitlewing daarvan wees. Geen Humanis kan 'n groep Calviniste tot roepingsvervulling lei nie. Geen leier van Calviniste kan deur neutrale wetenskapsbeoefening en neutrale opleiding tot beter leier van sy groep ontwikkel word nie.[53]

Die volgende omskrywing word aangebied as 'n Calvnistiese beskouing van leierskap : Leierskap is die dinamiese wyse waarop die roepingsbewuste leier as beginselvaste, daadkragtige profeet, priester en koning die geroepe kinders van God in Godgegewe groepverband so gesagvol, dienswaardig, besield, besielend en in volkome oorgawe aan Gods beskikking rig en lei dat hulle eensgesind en ywerig in alles waarop hulle die hand, hart en verstand as profete, priesters en kongings lê die eer van God bo alles soek en grootmaak.

8.1.4 Enkele faktore wat verskille in leiding gee beïnvloed en bepaal

God beskik 'n verskeidenheid faktore wat die omvang, intensiteit en doelmatigheid van leiding beïnvloed en bepaal. Van die belangrikste faktore word ter wille van 'n beter begrip van hoofskap hier aangestip:

*Verskille in die persoonlikhede van leiers. By een leier sal bepaalde leierhoedanighede sterker uitstaan as by 'n ander. Die een mag na sy besondere vermoëns sekere tegniese en organisatoriese aspekte van leiding gee aksentueer, terwyl 'n ander meer klem op die menslike element laat val.[54]

*Verskillende volkere stel verskillende eise aan leiers. Rupert kom bv. tot die gevolgtrekking dat:

---

53. Vgl. de Klerk, W.J. Die leierskapsbeeld van die Calvinis.
Die verkenning van terreine wat roep na Calvinistiese leierskap.
Calvinistiese leierskap en groepdinamika. (Pamflette versprei ander J.V.-lede).
Vgl. ook Viljoen, D.J. Penwortels van leierskap (tweede aflewering). **Handhaaf**, 8(12); Aug. 1971, pp. 12–15.

54. Vgl. Rautenbach, A. op. cit. p. 10.3.

die Amerikaners op koördinasie, oorreding, samewerking, begrip en delegering nadruk lê;

die Britte oor die algemeen moed, integriteit, oordeelsvermoë en wilskrag beklemtoon en

die Europeërs oorwegend die klem op heerserseienskappe, natuurlike gesag, dissipline en inspirasie laat val.(55)

*Die omvang van die groep. Hoe groter die groep is wat gelei moet word, hoe meer sal die leier van beplande delegering moet gebruik maak. Dit is egter net so 'n verantwoordelike taak om die klein groep as om die groot groep te lei.(56)

*Die lokaliteit of plek. Die leier wat in 'n bepaalde gemeenskap as geskik geag word, mag op 'n ander plek in 'n soortgelyke gemeenskap as leier misluk.(57)

*Die kennisgebied waarop spesifieke leiding verwag word. Die leier op opvoedkundige gebied mag as kultuur-, politieke of militêre leier misluk en omgekeerd.(58)

*Die tipe leiding wat ooreenkomstig die lewens- en wêreldbeskouing binne 'n bepaalde groep vereis word. Hierby kom die moedertaal wesenlik ter sprake.(59)

*Die mate van opleiding wat leiers vir die uitvoering van hulle taak ontvang het. Die leier wat bv. opleiding in die hantering van groepe mense ontvang het, behoort in die reël beter leiers te wees as diegene wat die tegnieke van groepdinamika net deur ervaring moet aanleer.(60)

---

55. Rupert, A. op. cit. p. 15.
56. Ibid. pp. 66–67.
57. Spain, C.R. a.o. Educational leadership and the elementary school principal. p.22.
58. de Klerk, W.J. Die leierskapsbeeld van die Calvinis. p.3.
59. van Jaarsveld, F.A. Afrikaner quo vadis? pp. 133–134.
60. Roskill, S.W. The art of leadership. pp.29, 31.

*Die verskil in ervaring van leiers op dieselfde terrein. Die vermoë om sy opleiding en ervaring op geïntegreerde wyse in te span, is 'n besondere eienskap van die goeie leier. Die beginnerleier sal in die reël nie so doelgerig as die ervare leier kan optree nie.[61]

*Geslagsverskille. Mans en dames verskil liggaamlik en geestelik van mekaar. Vroue beskik oor minder fisieke krag, terwyl aansienlike verskille in die belangstellings van mans en vroue voorkom. Die vrou rig haar veral invoelend op haar omgewing, terwyl die man veral aktief-ingrypend optree. Dit is vir die man moontlik om persoonlike vooroordele ter syde te stel en leiding in saaklike perspektief te sien. Die vrou ervaar om gelei te word op 'n persoonlike wyse. Die vrou laat haar ook geredelik lei en aanvaar leiding sonder kritiek wanneer sy eenmaal in persoonlike relasie met die leier respek en waardering ontmoet het.[62] In sy gesagsopvatting handhaaf die Calvinis die wetsorde van God met betrekking tot die geslagte : Die man is eerste geskape, daarna Eva.

*Die omvang van bykomstige belangstellings en verpligtings van die leier mag so groot wees dat hy nie voldoende tyd en energie aan sy taak kan bestee nie.[63]

*Die geestelike, ekonomiese en sosiale welstand van die groep wat gelei moet word.[64]

*Die tipe en mate van beheer wat deur hoër gesagsinstansies op die leier uitgeoefen word, mag beperkings op sy leierskap lê. Die roepingsvervulling van die leier mag deur die beleidsmaatreëls van 'n gesagsliggaam aan bande gelê word.[65]

---

61. Weber, C.A. and – Mary E. op. cit. p.31.
62. Dirks, H. en van Grunsven, F.P.J. Psychologie van het leiding geven. pp. 88–93.
63. de Klerk, W.J. op. cit. pp.3–4.
64. Rautenbach, A. op. cit. p.10.3.
65. Dirks, H. en van Grunsven, F.P.J. op. cit. pp.43–46.

*Fisiese toestande, soos optiese en akoestiese invloede, kleur, beligting, ruimte, temperatuur, vogtigheid, stof, geure en selfs werktye sal 'n bepalende invloed op die aard en kwaliteit van leiding uitoefen.[66]

8.1.5 Soorte leiding

In breë trekke kan tussen die volgende onderskei word:

***Demokratiese leiding:** Die klem val op die gesag van die meerderheid. Die groep kies die leier en beleid word in samewerking met die groep bepaal. Die leier staan in diens van die groep.

***Autokratiese leiding:** Die leier is alleenheerser. Sy woord is wet. Die groep staan in diens van die leier.

***Liassez-faire-leiding:** Dit is 'n "laat-maar-loop-" of "vrye-teuelleiding", waarin die leier die minimum leiding gee en die verantwoordelikhede hoofsaaklik op die ondergeskiktes werp.[67]

***Christelik-demokratiese leiding:** Vir die Afrikaner veronderstel dit dat die leier in die diens van God en in harmonie daarmee in diens van die volk staan. Dit is sinoniem met Christelik-nasionale leiding, soos dit op voortreflike wyse in die leierskap van Paul Kruger (1825–1904), gewese staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek, tot uitdrukking gekom het.[68]

## 9. Roeping en lewens- en wêreldbeskouing

Prof. H.G. Stoker sê dat die mens nie alleen die moontlikheid nie, maar ook die verantwoordelikheid ontvang het om 'n lewens- en wêreldbeskouing te vorm.[69] Die verpligting om dit uit te leef is fundamenteel

---

66. Ingersoll, T.W. The principal as administrator. (In Jones, O.R. (ed) The school principal, pp.222–253).
67. Rautenbach, A. op. cit., pp. 10.5–10.7.
68. Vgl. Lange, Jeanette M. Gedenkskrifte van Paul Kruger (vert.) pp. 185–207.
69. Stoker, H.G. op. cit. pp.14, 40.

vir elke mens en vir elke samelewingskring. Roeping lê die verpligting op die mens om sy fundamentele oortuigings aangaande God, mens en wêreld op grond van Gods besondere en algemene openbaring te vorm. Die Christen-Afrikaner is daarom geroep om 'n Calvinistiese godsbegrip, Calvinistiese antropologie, Calvinistiese kosmologie, Calvinistiese ontologie en Calvinistiese sedeleer daarop na te hou en uit te leef. Dit is sy roeping om dit van geslag tot geslag oor te dra, sodat dit aan die nageslagte dieselfde kwalifiserende lewenstyl sal gee.

Die oordrag van die ganse geestesbesit van die volk, ingebed in sy lewens- en wêreldbeskouing, kan alleen deur opvoeding geskied.[70]

## 10. Roeping, onderwys en opvoeding

### 10.1 Die Christelik-Afrikaanse skool

Uit die voorgaande paragrawe kan geen ander afleiding gemaak word nie as dat die voorsiening van Christelik-nasionale onderwys en opvoeding aan die Afrikanerkinders deel van die roeping van elke Afrikanerouer, elke Afrikaneronderwyser, elke onderwyser aan 'n Afrikaanse skool en van die hele Afrikanervolk is.

Die Christelik-Afrikaanse skool is die skool vir Afrikanerkinders waarin die totale opset van die praktiese onderwys en opvoeding in die belydenis van die Afrikaner wortel. Christelik-Afrikaans impliseer dan dieselfde as Christelik-nasionaal en Calvinisties-nasionaal. As Afrikaanse skool gesê word, word meteens Christelike skool en nasionale skool gesê.

Twee kardinale beginsels lê die onderwysprogram van die Afrikaanse skool ten grondslag, nl. die Christelike en die nasionale. In die lig van die roepingsgedagte veronderstel dit vir die Afrikaner dat net één oor-

---


70. Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde pp.206–208.

koepelende kwalifikasie oor die volle draagwydte van die onderwys en opvoeding heen gryp, nl. die Christelike.(71)

10.2 Die noodwendige stelsel wat vereis word om die Afrikaanse skool te laat gedy

Die reëling en beheer van die Afrikaanse skool vereis in die lig van die voorgaande 'n eie, unieke stelsel. Prof. H.J.J. Bingle het die noodwendige stelsel vir die Afrikaanse skool in 'n referaat voor kongresgangers van die Transvaalse Onderwysersvereniging uiteengesit. Sy uiteensetting kan diagrammaties soos volg voorgestel word.(72)

**Diagram 1**




71. Vgl. Coetzee, J.C. Ons grondslag. **Onderwysblad,** LXXII (791), Sept. 1965, pp. 229–230.
Coetzee, J.C. Christelike godsdiensonderrig. **Onderwysblad,** LXXVIII (835), Apr. 1971, pp. 65–66.
Waterink, J. Theorie der opvoeding. p. 546.
72. Bingle, H.J.J. C.N.O. **Onderwysblad,** LXIX (753), Julie 1962, pp. 73–79.

Die besondere verhouding van die belanghebbende samelewingsvorme tot mekaar wat in dié stelsel tot uitdrukking kom, veronderstel 'n gesamentlike verantwoordelikheid, asook 'n besondere verantwoordelikheid teenoor mekaar. Elke samelewingsvorm het 'n eie plek en taak in die onderwys wat onder beslag van die roepingsbeginsel 'n eenheidsuitdrukking in 'n eie skool met 'n eie karakter vind. Die verantwoordelikheid teenoor mekaar veronderstel dat elkeen van die samelewingsvorme die ander met alle mag sal ondersteun. As die Afrikaanse ouerhuis in ons tyd byvoorbeeld besig is om sy primêre verantwoordelikheid in die opvoeding en onderwys van sy kinders te versaak, is dit die verantwoordelikheid van die staat en die onderwyserskorps en die kerk om nie net die ouerhuis voortdurend op sy verantwoordelikheid te wys nie, maar moet die eersgenoemde twee (die staat en die onderwyserskorps, wat ook direkte belang by die onderwys het) alle moontlike, aan die grondbeginsels verantwoordbare middele en geleenthede daarstel om die ouerhuis in staat te stel om sy verantwoordelikhede ten beste na te kom.[73]

10.3 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid

Met die passering van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid[74] is na meer as vyftig jaar aan die Suid-Afrikaanse onderwys vir blankes 'n volkswye wetgewing gegee. In die wet is die Christelike en nasionale karakter van die Suid-Afrikaanse onderwys verskans, sodat dit vir die Afrikaner moontlik is om sy ideale skool, soos in die vorige paragrawe beskryf, ten volle in die praktyk te bring. Deur verder in hierdie wet die aandeel wat die ouerhuis en onderwyserskorps noodwendig in die opvoeding en onderwys moet neem in beginsel te erken en te verplig, is die moontlikheid deur die staat geskep om die noodwendige stelsel vir die Afrikaanse skool te realiseer. Daarmee het die staat juis roepingsbewus sy eerste verantwoordelikheid in die volksonderwys teenoor die ander samelewingsvorme,

---

73. Vgl. Potgieter, D.G. 'n Histories-prinsipiële behandeling van die kleuterskool vir blanke kinders in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1962, pp. 216–219.

74. R.S.A. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, nr. 39 van 1967 (soos gewysig); goedgekeur 22 Maart 1967, m.i.v. 1 Jan. 1968.

wat direkte belang by die onderwys het, nagekom. Die praktiese uitdrukking van elk se aandeel behoort in noue samewerking met mekaar, binne die raamwerk van die wet en die beginsels wat dit onderlê, uitgewerk te word.

Die skool en sy belanghebbende samelewingsvorme word deur die wet op een en dieselfde beginsellyn ingestel. Dit is 'n middel tot roepingsvervulling in en deur die onderwys en opvoeding.

Wetgewing alleen sal egter nie die onderwys verchristelik nie. Die ideale Afrikaanse skool sal daar bestaan waar sy taak in roepingsperspektief gesien word en die skool sowel as elke belanghebbende samelewingsvorm, tot unieke eenheid saamgebind, die Christelike en nasionale beginsels van binne in teorie en in praktyk sal uitleef. Dan behoort geen konfliksituasies tussen roepingsvervulling en praktiese taakvervulling in die skool te bestaan nie.(75)

10.4 Die Afrikaanse skool en die Suid-Afrikaanse Engelse skool

Die twee hoof blanke kultuurgroepe in Suid-Afrika het elkeen op grond van onderskeidende lewensbeginsels sy eie, unieke geestesinhoud, eie kultuurpatroon en identiteit. Die grondslag van die Afrikaner se geestesinhoud is die Calvinisme, terwyl die wortels van die Engelse identiteit hier te lande histories en prinsipieel in die Deïsme, die Naturalisme en Pragmatisme lê.(76)

In die duidelik te onderskeie wesensverskille tussen die twee kultuurgroepe wortel ook die beginsel van moedertaalonderwys, wat in Wet nr. 39 van 1967 as een van die beleidsbeginsels in die onderwys in die

---

75. Vgl. Potgieter, D.G. Implikasies vir die laerskool van sekere aspekte van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid. Studiestuk opgestel vir die T.O.D.-komitee vir die reëling van kursusse vir hoofde van skole, 1969. pp. 1–7.

76. Vgl. Meyer, P.J. Moedertaal en tweetaligheid. p. 53

R.S.A. neergelê is.[77] Omdat taal die draer van die kultuurinhoud van 'n volk is, sal die Afrikaanse skool en die Suid-Afrikaanse Engelse skool in wese van mekaar verskil. Bingle stel dit dan ook tereg dat hulle ten opsigte van alles in die skool verskil.

Aan die hand van verskillende geskrifte in dié verband is dit duidelik dat die verskille ook tussen die bogenoemde twee skole gehandhaaf moet word om 'n ware, stewige Suid-Afrikanerskap hier te lande te behou. Onverdeelde trou en lojaliteit aan 'n gemeenskaplike vaderland en die daadwerklike verchristeliking van elke skool in sy totaliteit, behoort daartoe te lei dat die inheemswording van die twee skole steeds verder bevorder en verstewig word. Die Engelse Suid-Afrikaanse skool moet net so sterk en bewus soos die Afrikaanse skool sy taak in roepingsperspektief verstaan en vervul.[78]

Die identiteit van die Afrikaanse skool is die identiteit van die Afrikanervolk in die kleine. Dit is sy geboorte- en bestaansreg. Hierdie opvatting word gewoonlik deur die vyand van die Afrikaner en selfs deur die perspektieflose Afrikaner en Suid-Afrikaner as uitgediende indoktrinasie van die jeug, as Naziïsme en Fascisme afgemaak en verwerp. Hierdie kunsgreep, wat uit daardie oord kom wat die "change" tot identiteitlose bestaan van ons jeug wil bewerk, lê op dieselfde lyn as die meedoënlose minderwaardigheidstelling van alles wat onbeskaamd Afrikaans en Afrikaner is en wil wees.

Die roeping van die Afrikaanse skool is om sy Calvinistiese identiteit in al sy verbande te bewaar en uit te bou.[79]

In die bogenoemde onderskeidinge rus die motief van die aparte ondersoek van die taak en opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool.

---

77. R.S.A. op. cit. art. 2,1(c).
78. Vgl. Pieterse, J. op. cit. pp. 23–36.
79. Vgl. van Jaarsveld, F.A. Afrikaner quo vadis? pp. 21–24; 125–132; 139–140.

## 11. Roeping en vernuwing

Vernuwing beteken die verandering van 'n bestaande toestand. Vir die Calvinis het die begrip twee komponente : 'n fundamentele en 'n saaklike. Die enigste fundamentele vernuwing waartoe die mens geregtig is, lê vir die Calvinis opgesluit in die eis van Romeine 2 vers 2 : "Word verander deur die vernuwing van julle gemoed." Dit is roeping : die mens moet as burger in Gods koninkryk deur voortdurende reformasie in al sy lewensverbande vernuut word.

In hierdie snel veranderende lewe word die mens egter ook tot vernuwing in die saaklike dinge geroep. Dit stel eise aan sy metodes, tegnieke en die inhoud van sy kennis. Dit hang saam met die kwaliteit van die mens se werklikheidsbeheersing. In roepingsperspektief dui die saaklike vernuwing op die ingesteldheid, begeerte en gereedheid van die mens om in die diens van God te verbeter, dit wil sê altyd beter kwaliteit werk te lewer en die werklikheid met toenemende vaardigheid tot Gods eer te beheers.(80)

Waterink poneer dat deeglike besinning 'n voorvereiste vir vernuwing in die onderwys is. Dit moet aan fundamentele en aan saaklike pedagogiese eise wat nêrens met die fundamentele in stryd is nie voldoen.(81)

Vernuwing so gesien en toegepas, is roepingsvervulling.

## 12. Samevatting

Die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner is Calvinisties-nasionaal, met die Calvinisme as kwalifiserende faktor daarin. Roeping, een van die grondbeginsels van dié beskouing, plaas die ganse lewe van die mens onder die beslag van Gods eis in sy Woord en gee aan die mens daardie onmisbare drie-dimensionele visie op die diepste sin van sy bestaan:

---

80. Vgl. Rosslee, D.D. Onveranderlik in 'n "veranderende wêreld". **Handhaaf**, 8(1), Sept. 1970. pp. 12–13, 19.
81. Vgl. Gielen, J.J. e.a. Keur uit de verspreide geschrifte van J. Waterink. pp. 117–120.

die vertikale verbondenheid van sy lewe uit God, gryp oor die volle horisontale wydte van sy bestaan deur God en gee die enigste ware perspektief op die eindbestemming van sy lewe tot God. In die universele karakter van die roeping wortel die oortuiging en eis aan die Afrikaner om elke vlak van sy volkslewe daarvolgens in te klee. Hy is eers volwaardig Afrikaner as sy volle bestaan afgestem is op die eise wat God aan die enkeling en aan die volk in sy Woord stel. Die onbevreesde oordrag en uitbouing van dié beskouing aan die opkomende geslag is voorvereiste vir die behoud en voortbestaan van Afrikaneridentiteit in Suid-Afrika.

Dit vereis die opvoeding van Afrikanerkinders in Christen-gelowige huise na die doopsbelofte van die drie Afrikaanse susterkerke en die voortgesette en aanvullende opvoeding en onderwysing van die kinders in 'n Afrikaanse skool, wat in die omvattende sin van die begrip Christelik-nasionaal sal wees. Die daarstelling en beheer van dié skool is 'n belangrike deel van die roeping van die owerheid. Die praktiese uitlewing van die beginsels van dié skool in die Afrikanergemeenskap en in die lewens van sy kinders is belangrike deel van die roeping van die verbondsouers en die onderwyspersoneel.

Die Christelik-Afrikaanse skool, hetsy primêr of sekondêr, het geen hoër taak nie as om sy leerlinge op elke lewenstadium en in die volle wydte van hulle skoollewe, bewus te maak van die roeping van elke mens, elke gemeenskap en elke volk in hierdie lewe. Die skool moet hulle voorts bewustelik oefen en lei in daaglikse roepingsvervulling en hulle geestelik en liggaamlik so toerus en voorberei dat hulle ook as volwassenes hulle lewens in roepingsperspektief sal leef. Dit is alleen die roepingsvervullende volwassene wat geestelike wasdom bereik het.

Die doel van die Afrikaanse skool behoort dan te wees om die kinders tot verantwoordelike geestelike volwassenheid te help lei en nie tot sogenaamde selfstandige volwassenheid nie. Die laasgenoemde begrip skep die indruk van indiwidueel losgemaak, vry tot selfstandige keuse, ongebonde wilsvryheid van die mens. Verantwoordelike geestelike volwassenheid, daarenteen, veronderstel vir die Calvinis gebondenheid en beperktheid in die roeping en roepingsvervulling wat God die mens opdra en uit genade vergun.

Die Afrikaanse skool vereis die realisering van die volgende drieledige roeping binne die struktuur van 'n eie, unieke stelsel:

die onderrig en opvoeding van indiwiduele kinders met in agneming van diverse vermoëns en belangstellings;

die bewuste nasionale vorming van die Afrikanerjeug binne die volksverband;

die onderrig en opvoeding van die Afrikanerjeug in ekumeniese verband in veelvolkige Suid-Afrika as antwoord op die versuid-afrikanisering van die lewe in ons land sondermeer.

Die implikasies van die roepingsgedagte vir die hoof as mens spreek duidelik uit die uiteensettings hierbo. Die teoretiese grondslae van sy taak is ook in hierdie hoofstuk neergelê. In omvattende sin beteken dit dat die hoof sy taak in die drie-dimensionele roepingsperspektief wat hier gestel is, sal sien, benader en uitvoer. Dié visie veronderstel veral een belangrike beginsel wat vir die hoof in die realisering van sy taak geld, nl. die eenheidsbeginsel. Die eenheid in dié visie sal behoue bly, as al drie die dimensies daarvan in die regte verhouding tot mekaar gesien en bewaar word: die vertikale dimensie is die belangrikste en moet voorop gestel word. Die hoof moet daarom allereers 'n helder begrip van die ware betekenis van sy roeping kry. Vandaar uit moet hy perspektief op sy verantwoordelike posisie en taak kry, ten einde ook die eenheidsbeginsel in elke verband van sy taak waar te maak. [82]

---

82. Kyk p. 318.